## ‘ELKE BLAD MOES ’N LOFLIED SING’

# ‘Bloei + Blom’ viering van alles Afrikaans

**Mariana Malan**

Weg is die vooropgestelde idees van stoer en ernstig, van koppig en heel dikwels dwarstrekkerig. Hier is ’n klein skeppie uit ’n groot poel van mense wat oor grense heen presteer het en dinge laat gebeur het, alles in Afrikaans. Afrikaanssprekendes is nog nooit so gevier nie.

*Bloei + Blom* se geboorte het met fantasie en baie verskillende idees begin. Met Nataniël aan die hoof van die kreatiewe deel, en sy idees wat dadelik in hoogste rat weggespring het met vergesigte van “wilde strepe en kolle, tot leë bladsye in skokkende pienk” en “ ’n paar muses in dramatiese kostuums” het die werklikheid en harde werk gevolg.

Die idee het by Nataniël en ’n paar geesgenote ontstaan. Om ’n tafel in ’n restaurant in Pretoria waar sjampanje gedrink en gesellig gekuier is, het ’n paar mense besluit hulle moet ’n boek maak. Nie stowwerig geskiedenisagtig nie, maar met mense wat lyk en klink asof hulle van die bladsye af kan uitspring en saam partytjie hou oor die taal wat hulle almal praat en die prestasies wat hulle behaal het waar hierdie taal die gemene deler is.

Borge is gevind en die werk het begin, met die werklikheid wat ingeskop het toe die gedugtheid van die taak op hulle toegesak het.

“Eers was daar die vrolikheid en toe het ons gedink dit gaan nooit gebeur nie,” sê Nataniël.

Daar was ’n wedstryd waarin mense benoem kon word vir hul baanbrekerswerk, positiewe bydraes en minder bekendes wat op hul eie, en in Afrikaans, dinge gedoen het wat verdien om onthou en gevier te word.

Uiteindelik is daar op net meer as 200 mense besluit. Hulle is baanbrekers van die afgelope eeu, soos uitvinders, skrywers, sportmanne, kunstenaars, boere, modeontwerpers, sjefs, botaniste, filosowe, opvoeders, medici en tuiniers, maar nie kerklikes en politici nie. Die verskeidenheid laat jou uitasem – van Antoinette Pienaar en oom Johannes, Errol Arendz, Fred Mouton en Pierneef tot Rassie Erasmus, Deon Meyer, Laurika Rauch en nog ’n honderd of wat ander.

Meer as 70 joernaliste en skrywers het begin skryf en die soektog na foto’s het begin, want Nataniël wou dit mooi maak, ’n koffietafelboek waarvan elke blad ’n loflied sing tot die persoon oor wie daar gepraat word.




**Die blad vir Nataniël in die glansboek *Bloei + Blom* waar hy deur sy vriendin die joernalis Diane de Beer vereer word.** Foto: JAN VAN WYK




**Die glanskoffietafelboek *Bloei + Blom* wat Nataniël en Elmari Rautenbach saam met die uitgewer Flyleaf aangepak het.** Foto: FLYLEAF

“Daar was net een mens wat so ’n boek kan maak en dis Ingeborg Pelser van Flyleaf,” sê hy. “Sy het die uitdaging van hierdie vreemde ding getakel. Ek was skielik sekretaresse, koster, speurder, soeker na foto’s van mense van wie die helfte al dood is en die ander helfte nie ordentlike materiaal oor hulself het nie.

“Ek het darem ook groot pret gehad met die stilering van ’n paar foto’s van vroue wat ek as vreesloos, vindingryk, onbeskryflik nuut en aanskoulik in die boek laat pronk.”

Elmari Rautenbach het die boek saam met Pelser saamgestel.

“Dit was een van die wonderlikste projekte waaraan ek nog gewerk het,” sê sy. “Dis was vir my asof ek Afrikaans opnuut ontdek het.”

Die werk verbonde aan die projek laat ’n mens uitasem net om te luister na wat alles gedoen moes word. Hiervan het Nataniël meer vertel by die amptelike bekendstelling van die boek vandeesweek in die Atterbury-teater in Pretoria.

“Dit was so opwindend, amper skokkend. Mense het bokse vol van die boek gekoop. Een boekhandelaar het oor sy skouer geroep hy is so bly oor iets vrolik.”




**Die sjef Reuben Riffel en oorlede ouma Serie, een van sy grootste inspirasies, in haar kombuis in Franschhoek.** Foto: JAC DE VILLIERS

Nataniël gaan ook op die Toyota Stellenbosch Woordfees meer vertel by ’n langtafelgeleentheid by die wynlandgoed Lanzerac waar elkeen wat die middagete bywoon ’n boek as geskenk sal ontvang.

Rautenbach en Nataniël vertel dat daar vir elke persoon in die boek ten minste nog 10 ander is wat ook gebruik sou kon word. Daar kan ’n tweede volume te wagte wees.

Rautenbach meen dis ’n beeldskone boek, ’n huldeblyk aan presteerders en een waar woorde en foto’s van die bladsye af sing.

Nataniël sê dis nie ’n ensiklopedie nie, daar is nie hoofstukke nie, dis luuks, dis kuns en swaar genoeg om ’n inbreker te kan platslaan.

■ Nataniël praat op die Toyota US Woordfees met die joernalis Diane de Beer oor *Bloei + Blom*.

Die middagete *Aan tafel met Nataniël* word op 16 en 17 Oktober om 12:00 by Lanzerac aangebied.

Die prys van die tweegangete, ’n glas wyn en die boek ingesluit is R1 150. Die boek kos andersins R850.

Bespreek by Quicket.

## Imax-uitreiking:

# DiCaprio se nuwe fliek het die tonge los

Dit gons oor die donker komiese fliek *One Battle After Another* van die Amerikaanse regisseur Paul Thomas Anderson.

Gons soos, daar word voorspel dat dit ritse benoemings gaan losslaan in die komende Amerikaanse Oscar-seisoen.

Die fliek, met Sean Penn, Benicio Del Toro en Leonardo DiCaprio in die hoofrolle, fokus op wit-oppergesag-groepe in Amerika asook die revolusionêre magte wat ’n ander bestel daar wil stel. Dit word deur *Variety* as ’n grootse oomblik in die Amerikaanse rolprentkuns beskryf.

Die regisseur Steven Spielberg onderskryf dit met sy goedkeuring, berig *Variety*.

Die fliek word deur Warner Bros. uitgereik en is ’n losse verwerking van die Amerikaanse skrywer Thomas Pynchon se roman *Vineland*. Pynchon se roman speel in 1984 af toe Ronald Reagan as Amerikaanse president herkies is.


Dit bevat terugflitse na die 1960’s se hippie-beweging en die rebelse opstand.

Die idee om Pynchon se roman vir die silwerdoek te verwerk, spook al twee dekades by die regisseur. In Anderson se weergawe is daar vele malle motorjaagtogte, ’n vrouerevolusionêr wat die voortou neem, en ’n teer verhouding tussen ’n pa en dogter.

DiCaprio is te sien as die lewensmoeë oudrevolusionêr Bob, wat nie meer in die wêreld “leef” nie; hy word deur drogbeelde gejaag en probeer ver van die beskawing ’n lewe bymekaarskraap.

Sy dogter, Willa (Chase Infiniti), verdwyn, en Bob glo dat sy ou vyande op sy spoor is vir wraak. Nou is Bob op en wakker en veg hy om sy eie lewe en dié van sy enigste kind.

Hy roep die hulp van sy ou kamerade in en gou is daar behoorlik perde.



**Leonardo DiCaprio in *One Battle After Another*.** Foto: WARNER BROS.

DiCaprio, wat die hoofrol in Anderson se *Boogie Nights* van die hand gewys het, werk hier vir die eerste keer saam met Anderson. Hy beskryf die hoofrol soos volg aan The Playlist: “Jy sou dink dat Bob hierdie held is wat al sy vindingrykheid as ’n eertydse revolusionêr gaan inspan, maar sy werklike heldhaftigheid is sy voortgesette stryd om sy dogter te beskerm.”

Na verwagting gaan DiCaprio ook ’n kopknik kry as beste akteur, met die nuweling Infiniti as sterk kandidaat vir beste vrouebyspeler.

Dit is Anderson se eerste rolprent wat op Imax uitgereik word. Hy is bekend om flieks soos *Magnolia*, *The Master* en *There Will Be Blood*. Hier span hy sy volle arsenaal in om die spieël vir Amerika soos dit vandag is op te hou: ’n Verdeelde land wat altyd wankel op ’n mespunt, met geweld in die strate.


Die komedie is net so snellervinnig soos die geweld en die klankbaan strek van voetklopdansmusiek soos Walk the Moon se “Shut Up and Dance” tot Survivor se “Eye of the Tiger”. Die klank is deur Jonny Greenwood van Radiohead behartig.

Die resensente gaan reeds oorhoops oor die fliek met ’n gradering wat in die hoë 90’s bly op Rotten Tomatoes.

Die komiese aksieriller word eerskomende naweek in Suid-Afrika in Imax-teaters uitgereik.
**– Saamgestel deur Laetitia Pople**

# ‘ ’n Boek kan ’n antwoord op vrae wees’

**Die misdaadskrywer Irma Venter is pas bekroon met ’n ATKV Woordveertjie vir spanningslektuur vir haar roman *Al wat tel*. In die gereelde rubriek By my lees, deel sy haar leesavonture.**




**Die boek wat die grootste invloed op my gehad het**
Daar is ’n hele paar, maar as ek die een moet noem wat my skrywersloopbaan gerig het, was dit Sara Paretsky se *Indemnity Only* (1982) met haar vroulike private speurder-hoofkarakter, V.I. Warshawski. Dit was die eerste boek wat ek gelees het met ’n sterk vrouekarakter waar die hele boek om haar aksies wentel; waar sy die plot vorentoe dryf; waar sy al daai woorde is wat gewoonlik gebruik word om manlike hoofkarakters te beskryf – slim, taai, rebels, hardegat, kanniedood.

**Die boek wat ek nooit klaar gelees het nie**
Pip Williams se *The Dictionary of Lost Words*. Ek weet dit was ’n baie gewilde boek, maar dit het bloot nie tot my gespreek nie.

**Die boek wat ek tans lees**
*The God of the Woods* deur Liz Moore, wat moeilik was om plaaslik te vind, ten spyte van die feit dat *The New York Times* dit hoog aanslaan as ’n literêre spanningsverhaal. Ek vind dat Suid-Afrikaanse hoofstroomboekwinkels hulle aanbod toenemend vernou tot wat hulle weet sal verkoop, wat ongelukkig beteken dat daar bitter min nuwe skrywers is om op hulle rakke te ontdek.

Die Mystery Writers of America bekroon byvoorbeeld die beste misdaadfiksie met die Edgar Awards, maar dis moeilik om daardie boeke in plaaslike boekwinkels raak te loop, en dis ook waar vir die CWA Dagger Awards-benoemdes uit Brittanje.

Ek verstaan egter dat hierdie skaarsheid heel waarskynlik deur ekonomiese realiteite gedryf word.

**Die boek waarin jy graag sal wil woon**
Enige wetenskapfiksieboek wat op ’n ander planeet afspeel wat regeer word deur vroue. Ek wonder of dit anders sal voel, en of mag en geld ook op die ou einde die meeste sal saakmaak.

**Die boek wat die beste aangepas is vir die silwerdoek, en die boek wat vermorsel is op die silwerdoek.**
Twee films wat ek glo fantasties aangepas is van die oorspronklike teks is *The Age of Innocence* van Edith Wharton met Martin Scorsese as regisseur, en *Fried Green Tomatoes at the Whistle Stop Cafe* (Fannie Flagg), met Jon Avnet as regisseur.

Beide films het ’n ryk visuele toevoeging tot hierdie boeke se wonderlike stories gemaak.

Ek dink daar is talle boeke wat telkens vermorsel word ten gunste van pogings om ’n wyer demografie te lok. Om dit te doen kan egter maklik die leser, en ook die skrywer se intensie, en dus die karakters, verraai. Dieselfde is ook waar vir pogings om ’n boek se narratief te rek en die einde te verander om nog ’n reeks te maak.



**Die bekroonde misdaadskrywer en joernalis Irma Venter.** Foto: TAFELBERG

**Die skrywer(s) van wie ek al sy of haar boeke gelees het.**
Nie alles nie, maar die meeste van Alexandra Fuller, Jeanette Winterson en Keigo Higashino. Fuller vir hoe sy haar familie en Suider-Afrika se komplekse geskiedenis raaksien en raakskryf, Winterson vir haar verbeelding en taalgebruik, en Higashino vir sy stil, sterk hoofkarakters en hulle interaksie met die stad Tokio. Higashino is ook bekend vir sy groot, laaste, onvoorsiene *twist*, soos byvoorbeeld in *Malice* die geval is.

**Die boek wat die trane laat loop het**
Ek dink nie ek het al ooit gehuil as gevolg van ’n boek nie, maar boeke het my al diep geraak, soos *Scribbling the Cat* deur Alexandra Fuller.

**Die gedig waar elke woord vir jou reg val**
N.P. van Wyk Louw se “Vroegherfs” en Carol Ann Duffy se “Tea” en “You”.

**Die boek wat ek as troos lees**
Enige krimi van my gunstelingskrywer. Ek weet en vertrou dat die boek my sal opslurp en wegneem uit watter omstandighede my ook al tans uitdaag.

Maar dan is daar ook die boeke wat al onverwags maar op die regte tyd en plek opgedaag het, en antwoorde gebied het op vrae wat ek nie eers kon verwoord nie, soos boeke deur Marianne Wiggins, Anaïs Nin of Anne Michaels.

**Die boek wat ek graag as geskenk gee**
’n Boek kan deel van ’n antwoord wees op so baie vrae – op verlies, verveeldheid, liefhê, grootword, afskeid – so, vir my is daar nie net een boek om te kies nie. Rilke se *Letters to a Young Poet* as jy jonk is, Winterson se *The PowerBook* as jy ouer is, Zusak se *Three Wild Dogs* as jy troeteldiere het. Ek dink die mens, tyd en omstandighede bepaal die boek.

**Die boek wat ek ’n kind in die hand gee**
Enige boek wat hulle sal laat lees, met die fokus op pret, avontuur en die afwesigheid van morele lesse. Ryk, verbeeldingryke tekste wat hulle verbeelding ontsluit.



**Dr Victor and the Rasta Rebels is saam met Emo Adams die gaskunstenaars by die konsert #Us4Us in Prins Albert.**

# Konsert op Prins Albert ’n vertoning van Karoo-talent

Die konsert #Us4Us vier vandeesweek sy 10de verjaardag op die Karoodorp Prins Albert en Emo Adams en Dr Victor and the Rasta Rebels hou saam konsert.

Dié jaarlikse gemeenskapsgedrewe konsert vier die lewenskragtigheid van die Karoo-jeugkultuur en word op 27 en 28 September in die Odendaal-stadion aangebied.

Wat in 2015 as ’n klein byeenkoms van plaaslike jeugkunstenaars en 50 gehoorlede begin het, het tot ’n gesogte geleentheid op die kunskalender van Prins Albert gegroei.

Hierdie inisiatief word deur die Prins Albert-gemeenskapstrust (Pact) aangebied en is benewens ’n feesviering ’n vertoonvenster van die Sentraal-Karoo se talent en identiteit. Hierdie talent bestaan uit jong rappers, dansers, sangers en musiekgroepe van oor die streek heen, wat elk hul eie unieke Karoostyl na die verhoog bring.

Die geleentheid bevorder artistieke uitdrukking en steun die bemagtiging van die jeug in die Prins Albert- munisipale streek.

“Dit is ons verhoog, ons stem en ons gemeenskap,” sê Waldon Ewerts, koördineerder van Pact, in ’n verklaring. “Dit gaan oor meer as vermaak – dit is ’n viering van wie ons is en wat ons kan doen wanneer almal saamkom.”

Saterdag se voldagviering begin om 12:00 met ’n kinderprogram, wat prettige bedrywighede vir jongmense insluit, gevolg deur ’n middag- en aandprogram.

Paul Amas, van Eden FM, is die seremoniemeester.

As ’n bonus word die rugbytoets tussen Suid-Afrika en Argentinië om 17:00 op ’n grootskerm uitgesaai. Adams lui tussen 19:00 en 20:00 die aandjolyt in en Dr Victor and the Rasta Rebels gaan tussen 20:15 en 21:15 die gehoor op hul voete hou.

Sondag se gratis gospel-vertoning sluit die vieringe af met sielvolle optredes deur Elwira Standili, Maartin Kwaieng en Henoline Morgan.

Die kaartjies is beskikbaar by Quicket.